

11 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:1-9

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:9

Christus het arm geword en ons ryk!

Die gelowiges in Masedonië het gehoor van die armoede van die gelowiges in Jerusalem en niteenstaande die feit dat hulle self deur hewige vervolging verarm is, heers daar tog onder hulle 'n gees van vrygewigheid. Die genade wat God deur Jesus Christus aan hulle bewys het, het hulle harte met blydschap en dankbaarheid vervul.

Hierdie *verlossingsvreugde* is ten diepste die bron waaruit hulle hartlike bereidheid om oorvloedig te gee, opborrel. Paulus maak uitdruklik melding van die gesindheid waarmee hierdie gelowiges gegee het: hulle het eers hulleself aan die Here gegee, en toe eers het hulle van hulle geld gegee! "Dit is soos God dit wil," sê hy (2 Kor 8:5).

Hierdie offervaardigheid van die Masedoniërs moet nou dien as aanmoediging en voorbeeld vir die gelowiges in Korinte. Hulle staan nie agter as dit kom by die genade wat God in Jesus Christus gegee het nie (vs 7). Paulus sê: "Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word" (2 Kor 8:9).

Christus was ryk by sy Vader voor sy menswording en vernedering op aarde. Ter wille van sondaars was Hy bereid om sy hemelse heerlikheid prys te gee en arm te word sodat verlore sondaars ryk kon word aan geestelike rykdom. Christus en sy verlossingswerk moet die oorsprong, die krag, die innerlike noodsaak van die Korintiërs se offervaardigheid wees.

As ons ook deur dieselfde verlossingsvreugde gedring word om vrygewig te wees, dan gee ons blymoedig van ons besittings, maar dan gee ons ook onself. Van ons tyd, ons aandag, ons liefde. Dan het ons 'n oog wat nood raaksien, 'n oop hart en 'n oop hand. Dan is Christus die model, die dieper motivering vir ons liefdesdiens.

Christus het in ons plek arm geword om ons ryk te maak deur sy groot genade. Klop ons harte soos dié van die Masedoniërs, ook warm van liefde en ontferming?

Sing: Psalm 31:15 en 17

Ds NG Laubscher (Emeritus)